


DIE VADERS VAN KANONEILAND:

Kanoneiland, 32 km suidwes van Upington in die Gordonia-distrik, is die bekendste, grootste bewoonde eiland in SA se langste rivier, die Oranje. Die eiland wat eintlik bestaan uit hoë spoelgrond stroke omring deur 'n doolhof van riviervlegstrome sodat oorstromings 'n wesenlike gevaar is, soos in 1925, 1944, 1967 en 1974. Hopelik sal die oorstromingsgevaar verminder na voltooiing van die groot damme in die Oranjerivier. Die eiland is 14 km lank, plek-plek 3 km breed met 'n oppervlakte van 2533 hektaar ryk, besproeiare grond waarvan 1689 hektaar intensief bewerk word, en hoërliggende rante wat ideaal is as bouversele. Daar is 'n skille kontras tussen die dorre en bykans onbewoonde halfwoestynlandskap aan weerskante en die intensief-bewerkte vallei van die Oranje wat feitlik soos 'n oase vertoon. Die vrugbare slikgronde op die eilande lewer onder besproeiing uitstekende ooste sodat dit 'n konsentrasiepunt geword het, veral nadat die NG Kerk in 1898 'n skema vir verarmde boere by Kakamas begin het.

KAART VAN KANONEILAND



As gevolg van die Anglo-Boereoorlog, droogtes, die runderpes en ander natuurrampe het mense uitgeboer en trek in 1906 as armblankes na die Kakamas-kerknedersetting. Oupagrootjie Nel werk aan konstruksie van die Noordkanaal teen 3/- (*3 sjielings = 30 sent*) per dag. Saterdag is die weeklikse loon van 18/- (*R1.80*) uitbetaal. Na drie jaar is 'n 6-morg (*5,14 ha*) besproeiingshuur erf te Schröder aan hom toegeken op voorwaarde van gereelde kerkbywoning en geen drank gebruik of deelname aan danspartye nie. Die arm gesin was betrokke in die gemeente. Die twee seuns en ses susters, se skoolklere is elke aand gewas om vir die volgende dag skoon te wees. Hul het nie skoene gehad nie. Tog was hul 'n gelukkige gesin. Die NG-Kerk se Armsorgkommissie het geldelike hulp, klere en skoene voorsien. Die kinders het soggens voor skool en namiddae die onbewerkte grond help tem, tougelei voor die ploeg en die Saanenbokke gemelk. Skoolwerk is saans by kerslig gedoen. Dié veeleisende take is *beloon* met lae produkte pryse: **4/6 (45 sent) per sak mielies of droë bone** en **15/- (R1.50) per sak koring**. 'n Bok of skaap is geruil vir tien pampoene.

Op een van die talle eilande in die Oranjerivier, Rooikopeiland naby Keimoes, was daar 'n sindikaat wat grond in hoewes verdeel en aan armes verhuur teen £5 tot £15 per morg per jaar. Huurders was verder ook verantwoordelik vir die skoonmaak van kanale, grond gelykmaak vir besproeiing, verwydering van groot kameeldoringbome. Dit was 'n blote bestaan, 'n gespartel om kop bo water te hou. Die goeie bestuurder van die sindikaat, **Mnr AG Siepker**, het dinge meer leefbaar gemaak en onder sy leiding het die sowat dertig families geleer om hul probleme gesamentlik aan te pak en saam te werk. Onder hierdie omstandighede het by hulle 'n brandende begeerte na 'n stukkie eie grond posgevat waarop hul vir hulself kon werk.

Die watermassa van die vloedramp van 1925 het alles verswelg. Die meeste huurders moes hul hoewes verlaat en na hoërliggende plekke vlug. Met 'n traan en 'n sug was die hoop van die huurders daarmee heen. Al die harde werk moes van voor af weer aangepak word. Die kanale was verspoel, en van die landerye was net slote en bulte oor. Menige huurder het moed verloor en by die delwerye 'n heenkome gaan seek. Die hunkering na eiendomsgrond het hul genoop om in 1926 die parlamentslid vir Gordonia, mnr JH Conradie, te nader om 'n versoek aan die regering te rig om Rooikopeiland aan te koop. Die koopsom van £26 000 (R52 000) was egter te hoog. Die Rooikopeilanders het toe deur hul sekretaris, **PJ Strydom**, by die magistrate van Uppington en Kenhardt aansoek gedoen om toestemming om die naasliggende Skanskopeiland onder besproeiing te bring, maar die minister van Lande, mnr. PGW Grobler, het die aansoek afgekeur. Intussen het enkele persone, **R van Rooyen** en **G Nel**, by die magistraat van Uppington lisensiereg verkry om elk ses morg grond onder besproeiing te bring teen 'n jaarlikse huur van tien sjielings (R1) per morg per jaar. Die sekretaris het dadelik op 17.2.1928 aansoek gedoen om soortgelyke regte vir die Rooikoppers. Alles is in gereedheid gebring in afwagting van toestemming.

Op Sondagoggend **26 Februarie 1928** swem vyf besitlose jong manne (**Piet Strydom, Jan Nienaber, Abraham Booysen, Barend Engelbrecht, en Schalk Engelbrecht**) van Rooikopeiland deur die Oranje, loop toe 22 km te voet stroomop, net om weer deur die rivier te swem na die groot, onbenutte Kanoneiland. Strydom doen dadelik aansoek by die Uppingtonse magistraat om grond daar te huur. Met die verwagting dat die aansoek suksesvol sal wees, besluit 30 man op 3 Maart 1928 om die volgende Saterdag te begin met 'n waagmoedige onderneming: om sonder enige kapitaal 'n ruwe, digbeboste eiland bewoon-, bewerk- en besproeibaar te maak.


Hul gevolgtrekking na die ondersoek: Die grond is ryk en goed, 'n groot deel is besproeibaar deur 'n kanaal op die eiland self, mits die Van Rooyen-Nel-skema uitgeskakel kan word. Die verslag is geesdriftig aanvaar op 'n vergadering van 30 man op Saterdag 3 Maart 1928 aan huis van mnr AJ Booyen. Hul besluit om 'n groot gemeenskaplike skuit te bou waartoe elkeen tien sjielings (R1) sou bydra. Die Sekretaris sou dadelik reglemente opstel wat deur almal onderteken moes word.

Die besluit word dadelik met die daad opgevolg. Vroeg op **Maandag 5 Maart 1928** vertrek die eerste muilwa met werkers, gereedskap en voedsel vir die eerste week uit Rooikop. Daardie aand slaap hulle op die suidelike oewer van die rivier regoor Kanoneiland by die Witolifant*. Die gesellige groep om die kampvuur is geesdriftig en hoopvol oor 'n moontlike gelukkige toekoms. Op **6 Maart 1928** is die eerste 30 boere met 'n wilgehoutvlot oor die rivier met donkies en beeste aan rieme agterna. Hulle het onder die bome gebly, dikwels nie eers kos gehad nie, maar hard geswoeg. Deur maandelange rugbreek handewerk met pik, graaf, byl en damskroppe getrek deur donkie- en muilspanne, is kameeldoringbome verwyder en grond gelyk gemaak.



Grond word gelyk gesleep met Muil- en donkiespanne

Al vervoermiddel oor die rivier was 'n vlot van wilgehoutstompe met 'n soort dek bo-op. Die volgelaaide vlot is deur swemmers oor die tweehonderd tree breë stroom getrek en gestoot. Met 'n karige begroting van 10/6 (R1,05) per man is materiaal gekoop vir 'n platboomskuit om die vlot te vervang. Sommige armoediges kon selfs hierdie deel nie bydra nie. Stefaans Kuhn en Jan Nienaber het die skuit van 1,83m by 4,9m, wat 1360 kg kon dra, met die hulp van kol. Siepker voltooi en binne 'n week te water gelaat.



Die ou skuit.



Ou skuit en Kanon voor die skool

Die hulp van Japie Lutz, 'n besproeiingskenner, is na drie weke se werk ingeroep om raad te gee met die aanlê van die kanale. Onder toesig van voorman D Byleveld het werkers elk 'n vak gekry om te voltooi. Volgens Lutz se opmetings moes die kanaal 2,3 m hoër en 8 km verder op teen die rivier begin. Die gerugte van 'n werkery het gou versprei en arm mense van Louisvale en Kakamas het kom aansluit. Die getal werkers aangroei tot 52 sodat werk vinniger gevorder het. Onder die nuwelinge was drie Etsebeth-families wat die Van Rooyen-Nel-skema oorgeneem het omdat laasgenoemdes te arm was om die werk te voltooi en vol te hou. Hul ou voortjie het sy oorsprong uit die Witlofant gehad en grotendeels 'n spruit as kanaal gebruik sodat nie veel grond daardeur benat kon word nie. Met die koms van die Rooikoppers het hul besluit om die skematjie te laat vaar en saam met die nuwe span 'n nuwe skema met beter vooruitsigte aan te pak.

Oupa **Henk Strydom** en sy oudste seun **Piet** was die leiers van hierdie "*Ou 52*". Toe die magistraat van Upington, mnr Whitehorn, en die minister van Lande, PGW Grobler, hul aansoek summier weier, was JH Conradie, parlamentslid vir Gordonia, hul enigste ondersteuner en voorspraak. Polisie onder **Sersant A Coetzee** is met 'n uitsettingsbevel gestuur, maar die besetters weier, sodat magistraat Whitehorn self opdaag om die "*grondiewe*" te verwyder. Juis op daardie tydstip ontvang Piet Strydom 'n telegram van verlof dat hul een jaar mag aanbly. Uiteindelik het minister Grobler self die eiland besoek en met die gekose bestuursraad bestaande uit AJ Booysen, DP Byleveld, BJ Engelbrecht, DP Engelbrecht, HM Strydom en PJ Strydom onderhandel. Die eerste groot struikelblok is oorkom.

Alles het nog volgens plan verloop. Oom Japie Lutz, 'n gesiene en alomgëeerde boer langs die Oranjerivier met besondere kennis en ondervinding van besproeiing, veral die uitkeer van water uit die rivier en die aanlê van kanale, het 'n vername rol gespeel in die besproeiingswerke van Kakamas. Hy het ingewillig om die aspirant-Kanoneilanders behulpsaam te wees met hierdie besondere taak. Terwyl hy met 'n paar helpers opmetings doen, het die ander solank aan die kanaal begin werk. Alles is met die hand en eenvoudige gereedskap gedoen.

Die kanaalwerkers het met alle krag en moed gewerk met die hoop dat die lewegewende water spoedig die verlangde erwe sou bereik. Hier is harder gewerk as die Israeliete onder Farao se drywers, want elkeen het homself aangejaag. Elke man het 'n vak gekry en die voorman, D Byleveld, het toegesien dat elkeen getrou sy vak uitwerk. Soms het van die swakker werkers gedurende die dag agtergeraak en is hul vakke oorgeslaan sodat hulle gedurende die nag moes werk om die ander in te haal.

Saans is groot vure aangesteek, daarna lees oom Japie voor uit die Bybel, doen 'n gebed en word hartlik saamgesing. Na ete begin die grappe. By al die werk het Kat Coetzee nog genoeg energie

oorgehad om die slapendes te “doektoon”, ’n lap of papier is tussen die slapende se tone ingesit en aan die brand gsteek. Sy nagtelike manewales het Kat suur bekom. Die ander het ooreengekom om te maak of hul slaap, maar in werklikheid lê en wag hou. Kat was gou weer by met sy lappe en papiere, maar skielik spring almal op om hom te vang. In sy haas om weg te kom, beland sy een voet in die asbedekte kole van die kampvuur. Vir minstens ’n paar weke was hy skadeloos en was daar toe rus en vrede in die kamp.

Vroeg soggens het die opstaanfluitjie geblaas en word gelees en gebid. Dan word aan die werk gespring. Oom Japie se opmetings toon dat die werk veel groter gaan wees as die oorspronklike beraming. Ten einde die water hoog genoeg te kry, moes die kanaal vyf myl (8 km) hoër op langs die rivier begin word. Die onderneming was so groot dat sommige summier wou handdoek ingooi. Party het die werk gestaak, maar tog later teruggekom.

Terwyl die werk aan die gang was, moes die sekretaris, PJ Strydom, hard spook om die nodige toestemming en lisensies te verkry. Daar was nou 52 man aan die werk en slegs 32 het reeds die nodige toestemming van die magistraat verkry. Hierdie toestemming was egter ongeldig. Mnr JH Conradie, die parlemenslid vir Gordonias, stel hul in kennis dat die Minister van Lande, PGW Grobler, sê dat die magistraat geen reg gehad het om die grond anders as op weilisensies uit te gee nie. By ontdekking van die omvang wat hierdie werk reeds aangeneem het, het die magistraat sy fout ingesien en geweier om enige verdere lisensies uit te reik soos blyk uit sy brief 15-1-43 van 16 Mei 1928: “... *The information conveyed to the Minister of Lands, was that 32 men were working on the island. The remaining twenty names cannot be considered and they will not be allowed on the island.*”

Gereelde korrespondensie tussen Strydom en mnr Conradie het gelei tot sy volle steun aan die eilanders. Hy het alles in die werk gestel om die Departement van Besproeiing wakker te skud. Mnr JH Conradie se naam sal altyd geskrywe staan in die geskiedenis van Kanoneiland as hul eerlike, getroue en enigste vriend en helper in nood.

Toe volg ’n groot ontnugtering: die klein klipdam wat in die rivier gepak is, was nie doeltreffend nie. Dit het nie die rivierwater hoog genoeg opgestoot om in die kanaal in te vloei nie. Die oplossing: ’n sementwal van drie meter hoog en 800 meter lank sou gebou moes word. Maar waar sou die geld vandaan kom? ’n Ander uitweg word bedink: ’n dik kabeltou is oor die spruit gespan en aan groot bome op die oewers geanker. Toe is dik stompe ingeplant, takke daaraan vasgemaak en riete en strooi aan die stroomkant vasgepak om die water op te dam. Net toe die water in die kanaal begin instroom, begin die ankerbome op die oewers uit die grond skeur. Die massa en drukking van die water was eenvoudig te swaar. Nou was daar geen alternatief nie. Die sementwal was noodsaaklik.

’n Vergadering word belê en die manne besluit dat die sement en ander benodigde materiaal aangekoop moes word en dat die werk dadelik aangepak moes word. Bekommerd oor waar die geld vandaan moet kom, verlaat die leier die vergadering. Mismoedig kom hy tuis, want waar en by wie moet die geld verkry word? Sonder geld is die hele onderneming gedoem tot mislukking.

Nadat hy verskeie planne aan die hand gedoen het, skryf Mnr Conradie uit Kaapstad: “*Ek besef dat julle grootste probleem sal wees waar om die nodige geld te kry. Ek is egter bereid om selfs my broek uit te trek om my mede-Afrikaners te help en is bereid om julle £200 (R400) te leen vir aankoop van die materiaal. Ek weet julle is arm, maar ek weet ook julle is eerlik en dat dit vir julle ’n saak van eer sal*

wees om my nie te laat skade ly waar ek my vertroue in julle stel nie.“ Hiermee was die probleem opgelos en kon die sement aangekoop word.

Onder bekwame leiding van mnre Andries Engelbrecht en SH Kuhn sr, is dadelik met die bou van die dam begin. Dit was 'n groot onderneming want die gesamentlike lengte van die walle wat gebou moes word was 820 meter. Die werk is onder uikers moeilike omstandighede verrig. Al die materiaal, sement, sand en klippe, moes vanaf die plaas Raaswater oor sowat 2½ km deur spruite met koue winterwater, oor hoë walle en deur digte bosse op die rug gedra word. Die mense se rûe was later so rou van sakke dra, verbrand deur die son, water en wind, dat dit vol sere was terwyl hul bene en voete uitmekaar gebars was. Hier het menige werker se gesondheid 'n knak gekry. Tog is die uitputtende werk in 'n opgeruimde stemming gedoen, omdat dit vir 'n blinker toekoms was.

Die materiaal moes uikers spaarsaam benut word, terwyl allerhande proewe gedoen moes word. Die droogmaak van die terrein vir die sementwal wat op rots gebou moes word, was ook problematies. Die pak van sandsakke is dikwels deur die sterk vloei van die water onderbreek en die aantal sakke was ook beperk. Daar is gepoog om 'n groot grondwal wat die stroom moes wegkeer, met grawe te gooi. 'n Week lank is 'n berg van losgrond digby die plek waar die keerdam gegooi moes word, bymekaar gemaak. Na 'n goeie nagrus is die reuse taak die volgende oggend aangepak. Die mense is in spanne verdeel wat die losgrond van een na die ander span moes aangooi tot by die beste span wat by die waterfront was. Hulle moes die waterstroom toestoot. As die werk eers begin, mag die werker nie sy kop optel nie, anders kan 'n tekort aan losgrond ontstaan wat dan die stroom kans gee om die wal weg te spoel. Swakker werkers het begin uitsak en hulle is as “menslike sandsakke” in die stroom gebruik. Op die voerpunt waar die grond en water stry, moes hul regop staan om 'n soort muur te vorm sodat die water nie die grond wegspoel nie. Soms gaan die aangooi van die losgrond so geweldig dat die voorman 'n wakenede oog moes hou dat die menslike sandsakke nie toegegooi en versmoor word nie.

By tye was die stroom so sterk dat 'n hele week se werk verlore gegaan het deur wegspoeling omdat die aangooi van losgrond nie vining genoeg was nie. Uitgeput en afgemat word die werk dan gestaak om 'n ander plan te maak. Dan word probeer om die stroomsterkte te verswak deur swaar boomstompe daarin te pak. Een groot kameeldoringstomp is voetjie vir voetjie oor die afstand van 1½ km deur slote en oor walle gesleep met 'n lang kabel en 'n trekspan van 150 manne wat soos osse met jukke ingespan is (sommige mense het werksmense daar gehad). Na 'n daelange sleeptog is die stomp in die stroom geplaas waar dit waarskynlik vandag nog aan die noordelike kant van die noordstroom lê as gedenkstomp vir die nageslag want kameeldoringstompe is feitlik onverganklik.

By al hierdie harde werk was daar ook nog ook tyd vir grappe. Die ingespande manne het elk 'n naam gekry en wanneer die voorman sy naam uitroep, kon mens sien hoe hy vorentoe beur. Name soos Kat, Houtkop, Jollie, Ysterhout, Seewater, Kommisieperd, Koperbul, het as byname tot hul dood behoue gebly.

Nadat so 'n wal met stompe gepak is, word die eerste stelsel van losgrond weer toegepas. Op hierdie moeisame wyse het mnre Engelbrecht en Kuhn die dam met sukses voltooi. Hoewel primitief, maak hierdie damme 'n groot deel uit van die oorwinning van die Kanoneilanders.

Baie stille ontberings is hier deurgemaak as gevolg van die pyn opgedoen tydens hierdie werk, asook deur honger en behoefte. Menige dag het 'n man harde werk gelewer met 'n honger maag, maar met

die moeder van 'n leeu. In sy verbeelding sien hy al daardie stukkie eie grond met sy eie woning vir sy gade en kroos wat net gewoon was aan 'n hartbeeshuisie en geen ander nie. Sy kinders is daarin gebore. Hierdie soort huis ontvang min besoekers. Daarom sien hy uit na 'n huis wat sy familie sal ophef en 'n verbyganger sal lok. Dus is hy vasbeslote, hoe moeilik of swaar dit ook al mag wees om vas te trap. Uiteindelik na reuse moeite, is die wal voltooi. Deur visie, volharding, inisiatief, dryfkrag en moed is 'n heenkome uit 'n woesteny geskep vir mense wat alles verloor het deur omstandighede buite hul beheer. Ten spyte van staatsteestand ontwikkel Kanoneiland tot model vooruitstrewende besproeiingsnedersetting danksy die vertroue en ondersteuning van mnr JH Conradie, later Administrateur van Kaapland.

Kanoneiland se wette is in 1939 as Wet nommer 15 op die wetboek geplaas. 'n Gedenkteken ter ere van die "Ou 52" ** staan op die terrein van die Kanoneilandse kerk. Die gesin van b4c6d1e2f6g1h1 Hendrik (Henk) Meiring Strydom, sy vrou b2c2d3e3e4f3g8h5 Bettie ECJ Nel en kinders, veral i1 Petrus JLN (Piet) het 'n opbouende rol in die geskiedenis van Kanoneiland gespeel. Bettie (Nel) Strydom was die verpleegster, vroedvrou, en verskaffer van huisvesting. Piet Strydom was die Voorsitter en leier van die eilanders van 1928 tot 1934. Die jongste seun i5 JJ (Hansie) was na sy Universiteitsopleiding ook sekretaris van die Kanoneilandse Bestuursraad en het die geskiedenis van die Kanoneiland te boek gestel, en hul dogter i4 Hester M Strydom was die eerste onderwyseres van die eiland.



Ou 52** Gedenkteken



Oom Japie Lutz



Piet JLN Strydom

Piet het as oudste seun van ses kinders tussen vier susters groot geword sodat daar 'n besondere band tussen hulle was. Sy moeder Bettie was die vroedvrou, verpleegster, en verskaffer van huisvesting. Sy het bv. een van 'n tweeling wat die arm ouers nie self kon grootmaak nie, as haar eie geneem en saam met haar eie baba aan die bors gevoed. Van haar erf Piet en Hansie hul empatie vir mense in nood, vir verstoteling en uitgewekenes, asook beskeidenheid en nederigheid. Van hul vader Henk, erf hul enersyds die vermoë tot harde werk en andersyds mensekennis en 'n sin vir humor. Piet en sy vader, Henk, was die dryfkrag agter die skepping van Kanoneiland as heenkome vir mense wat niks besit het nie. Die intieme meelewing met die opheffingswerk van mense wat alles verloor het deur omstandighede buite hul beheer, het 'n sterk gemeenskapsband gevorm.




Mnr JH Conradie




Kol. AG Siepker



Sers A Coetzee



Eerste Onderwyseres, Mev HM Strydom



Die eerste skool



Verloofde paartjie: Maria Marais en Hansie Strydom

Vir my is hierdie geskiedenis persoonlik van groot betekenis, nie net oor die rol wat my familie daar gespeel het nie, maar ook omdat my oupagrootjie daar begawe is en te meer omdat my moeder, Maria Marais, na haar opleiding as onderwyseres te Grahamstad, juis daar begin skool hou het. Daar het sy my vader ontmoet.

BRONNELYS: **Albertyn, CF:** Ensiklopedie van die Wêreld; **Erasmus, BPE:** Op pad in SA; **Leigh, M:** Toergids vir SA; **McWhirter, A:** Illustrated Encyclopedia of Essential Knowledge; **Potgieter, DJ:** SESA; **Steyn, A:** Off the beaten track; **Strydom, JJ:** Kanoneiland; **Van Niekerk, AAJ:** Kanoneiland 50; **Xplore,** Satour guide to SA.

***Wit Olifant**

Regeringsingenieurs onder leiding van ingenieur Hawks het tussen 1918 en 1921 'n bedrag van £80 000 (R 160 000) spandeer om met keermure van reuse granietblokke water op hierdie eiland uit te haal. Dit was 'n totale mislukking en in die volksmond was dit weldra bekend as Die Witolifant.

****Die Ou 52**

Die oorspronklike nedersetters wat die eiland help tem het, is bekend as die "OU 52" Hulle was: CP Benson, M Biggs, H Bauermeister, AJ, CP, en HJ Booyen, APJ Burger, D Bylevelt, (opgevolg deur WH Naude), A en WJ Coetzee, JJ Cloete, CJ du Toit, AJ, BJ, BJ (NS sr), DP, GJ, HN, NS en SWB Engelbrecht, AA, JW en PJ Etsebeth, CJ en J Faul, JJ Human, WJ Izaakse, C en JJ Jacobs, GJ, JM, SH (sr) en SH Kuhn, J van Z Laubscher, BF (sr) en BF (jr) Lubbe, WH Moller, JH Nienaber, WA Nolte, JJA Oberholzer, MN Smit (opgevolg deur AWJ Steenkamp), CJ, J, en JAJ Steenkamp, HM en PJ Strydom, C en N van Niekerk, GP van Zyl, JL van der Merwe en J Visser (opgevolg deur GP Steyn).